	Die Voortrekkers **AANSOEK OM LIDMAATSKAP AS JEUGLID**	**Vorm L1** **[2007]**

VIR KANTOORGEBRUIK

Registrasienommer | | | | | | |

VIR KOMMANDOGEBRUIK

Gebied _____ Kommandokode | | | | | |

Tipe lidmaatskap (merk met 'n X asseblief)

Penkop ☐ Drawwertjie ☐ Verkennerdogter ☐ Verkennerseun ☐

1. VOLTOOI ASSEBLIEF IN DRUKSKRIF **(L1) *Afdeling A***

KOMMANDONAAM: _____

2. BESONDERHEDE VAN JEUGLID (Voltooi asseblief in drukskrif) **(L1) *Afdeling B***

VAN

VOLLE VOORNAME

NOEMNAAM

GEBOORTEDATUM

J J M M D D

Graad ☐☐ in ..... (jaartal)

Naam van skool: _____

Woonadres van jeuglid: _____

_____

Getal diensjare as voortrekker voltooi aan einde van ..... (jaartal) ☐☐

Meld ander kommando(s) waar jy betrokke was: _____

3. OUER / WETTIGE VOOG **(L1) *Afdeling C***

Vader / wettige voog se van en volle name: _____

Tel: (Kode) _____ (h) _____ (w) _____ (sel) _____

Faks: (Kode) _____ Nr: _____ E.pos: _____

Moeder / wettige voog se van en volle name: _____

Tel: (Kode) _____ (h) _____ (w) _____ (sel) _____

Faks: (Kode) _____ Nr: _____ E.pos: _____

VIR GEBRUIK DEUR GEBIEDSDAGBESTUUR

Goedgekeur	☐	Afgekeur	☐	Handtekening _____	____ / ____ / ___

GRONDSLAG (ARTIKEL 2 VAN DIE GRONDWET) (L1) *Afdeling D*

Die grondslag van *Die Voortrekkers* is die Woord- en Skeppingsopenbaring van God Drie-enig.

WESE (ARTIKEL 3 VAN DIE GRONDWET)

Die Voortrekkers is 'n outonome kultuurbeweging vir lede van die Afrikanervolk*, in besonder sy jeug, gerig deur 'n Bybels-Christelike** lewens- en wêreldbeskouing tot 'n lewenswyse van eer aan God, en diens aan volk, land en medemens.

**Die "Afrikanervolk" se wesenskenmerke wat tot uiting kom in sy volkskarakter word omskryf volgens algemeen wetenskaplike en historiese beginsels wat vir die Afrikaner insluit die Christelik-Protestantse godsdienssin, algemeen aanvaarde waardes, norme, ideale en strewes, asook gemeenskaplike kultuurgeskiedenis en tradisies, draer van die Afrikaanse taal, volgens afkoms en keuse uit die Europese volkskultuur, behoort tot die Afrikanervolk deur afkoms en vereenselwiging of deur vereenselwiging met die wesenskenmerke van die Afrikanervolk; en deur wedersydse aanvaarding.*

***"Bybels-Christelik" word omskryf as daardie lewens- en wêreldbeskouing wat tot 'n lewenswyse lei om uit genade van God, volgens die Woord van God, uit die Christelike geloof en tot eer van God alleen te leef.*

DOELSTELLINGS (ARTIKEL 4 VAN DIE GRONDWET)

Die doelstellings van *Die Voortrekkers* is:

4.1 om die geloof in die Drie-enige God en die Christelike godsdiens wat uit dié geloof voort-spruit, uit te leef

4.2 om gesag te aanvaar en die deugde te beoefen wat eie is aan die Bybels-Christelike lewe;

4.3 om die kultuur van die Afrikanervolk oor te dra en uit te bou en om ons kultuurerfenis te waardeer en te bewaar;

4.4 om uit die verlede van die Afrikanervolk te neem dit wat goed is en daarop te bou vir die toekoms;

4.5 om ons omgewing waar te neem te waardeer en te bewaar;

4.6 om tot goeie landsburgers en leiers te ontwikkel;

4.7 om gewoontes van oplettendheid, ondersoek, waardering, selfbehoud en diensvaardigheid te ontwikkel.

4. VERKLARING EN VRYWARING DEUR OUER / WETTIGE VOOG (L1) *Afdeling E*

Hiermee verklaar ek _____
(volle naam en van)

ID nommer:_____

1.1 Dat ek die wettige ouer en/of voog van _____ is en aldus gemagtig om hierdie verklaring te onderteken.

1.2 Dat ek my vergewis het van die grondslag, wese en doelstellings van *Die Voortrekkers* soos uiteengesit in afdeling D hiervan en verleen toestemming dat my kind daaraan blootgestel mag word.

1.3 Dat ek hiermee bystand verleen aan my kind ten einde aansoek te doen om lidmaatskap van *Die Voortrekkers*. Ek aanvaar dat die beginsels wat in die brosjure oor lidmaatskap vervat is as basis sal dien by oorweging van my kind se lidmaatskap.

1.4 Dat ek van mening is dat my kind voldoen aan die lidmaatskapvereistes soos uiteengesit in die brosjure oor lidmaatskap.

1.5 Dat ek kennis neem dat my kind hom/haar aan die gesag, gedragskode en reëls van bestuursliggame van *Die Voortrekkers* onderwerp by aanvaarding van sy/haar lidmaatskap en aanvaar dat daar toepaslik volgens die bepalings van *Die Voortrekkers* se Reglemente, insake dissiplinêre optrede, opgetree kan word indien hy/sy die beginsels daarvan of ander landswette oortree.

1.6 Dat ek onderneem om toe te sien dat my kind se ledegeld jaarliks voor die sperdatum (31 Mei) betaal word by gebrek waarvan sy/haar lidmaatskap kan verval.

2.1 Dat ek hiermee *Die Voortrekkers*, al sy openbare amptenare, al sy verteenwoordigers en lede vrywaar teen aanspreeklikheid van enige eis om skade, uitgesonderd skade veroorsaak deur hulle growwe nalatigheid, hetsy gebaseer op geldelike verlies, uitgawes aangegaan in verband met sodanige skade, eise vir pyn en lyding, eise vir verlies aan toekomstige inkomste of watter ander aanspreeklikheid ookal, wat mag voortspruit uit een of meer van die volgende:

2.2.1 dood of besering aan die persoon van bogenoemde kind;

2.2.2 verlies van eiendom van bogenoemde kind terwyl gemelde kind betrokke is by enige aktiwiteit en/of reis op pad na of van enige perseel waar sodanige aktiwiteit aangebied word waarby *Die Voortrekkers* of enige van sy verteenwoordigers dit op enige vlak georganiseer het of by betrokke is.

2.2 Dat ek hiermee die gemagtigde verteenwoordiger(s) van *Die Voortrekkers* wat in bevel mag wees tydens enige voorval waarin bogemelde kind beseer mag word, magtig en aanstel om namens en in my plek tot enige van die ondergemelde toe te stem indien ek, om welke rede ookal, nie beskikbaar is nie:

2.2.1 chirurgiese of mediese prosedure en/of toediening van narkose wat nodig mag wees as gevolg van enige besering aan die persoon van die bogemelde kind;

2.2.2 die aangaan van mediese koste in verband met bogemelde kind insluitend nood mediese afvoer.

Ek waarborg en bevestig dat ek self gemagtig is en die reg het om tot sodanige optrede in te stem en bekragtig enige optrede hierkragtens gedoen.

2.3 Dat ek onderneem om enige (van die bogemelde) koste ten opsigte van bogemelde op aanvraag te betaal en onderneem hiermee om *Die Voortrekkers* en/of enige van sy openbare amptenare en/of enige van sy verteenwoordigers te vergoed vir en vrywaar teen van enige koste wat in hierdie verband aangegaan mag word.

2.4 Dat ek bevestig dat enige mediese rekening direk aan my gestuur moet word en onderneem om alle koste in die verband op aanvraag te betaal.

2.5 Dat die inligting wat ek op hierdie vorm verskaf het korrek is.

2.6 Dat ek die woonadres vermeld in die *Aansoek om Lidmaatskap* kies vir doeleindes van enige kennisgewing aan my, voortspruitend uit enige aksie gedek deur hierdie dokument.

2.7 Dat ek die inhoud van hierdie onderneming met die voornemende jeuglid bespreek het.

Geteken te _____ op hierdie _____ dag van _____ 20 ____

_____ _____

Handtekening van ouer\wettige voog **Naam in drukskrif**

5. VIR GEBRUIK DEUR KOMMANDODAGBESTUUR (L1) *Afdeling F*

Voortrekkerkommando _____

Aanbeveel ☐ Nie aanbeveel nie ☐

Opmerkings

_____

_____

_____

(Heg asseblief dokumentasie aan in gevalle waar die voorskrifte meer inligting vereis.)

_____ _____

Adjunkkommandoleier [administrasie] **Datum**